**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**BYBELKUNDE SG**

# POSSIBLE ANSWERS OCT / NOV 2006

AFDELING A
**VERPLIGTEND**

## VRAAG 1
## KORTVRAE

**Een sin oor die persone**

1.1.1 Maria
- Moeder van Jesus / Lazarus se suster / Die vrou wat nardusolie op Jesus se voete uitgiet

1.1.2 Saggeus
- Tollenaar
- Jesus eet by sy huis
- Hy was klein en klim in ? boom om Jesus te sien

1.1.3 Lasarus
- Hy is uit die dood opgewek deur Jesus
- Hy was die broer van Martha en Maria

1.1.4 Judas Iskariot
- Hy verraai Jesus
- was eens ? dissipel van Jesus

1.1.5 Nataniël
- Hy sit onder ? vyeboom en Jesus ken hom voordat Hy hom ontmoet. 5x2=(10)

1.2 Verduidelik die stellings

1.2.1 Eskatologie – leer van die laaste dinge, oordeel, hemel en hel

1.2.2 Sinoptiese evangelie – Matteus, Markus en Lukas word die sinoptiese evangelies genoem – Beteken ook om saam te sien (Sinopties) en evangelie – goeie nuus

1.2.3 Openbaring – Onthul, bekend maak, openbaar maak van verborge / geheime dinge

1.2.4 Metonoia – Berou.
- ? voorneme om hart te verander
- voorneme om lewenstyl te verander

1.2.5 hamartia – mis van ? doelwit
- Oortredinge is sondes 5x2=(10)

1.3 WAAR of ONWAAR

1.3.1 Waar
1.3.2 Waar
1.3.3 Onwaar
1.3.4 Onwaar
1.3.5 Onwaar 5x2=(10)

1.4 Meervoudige keusevrae
1.4.1 C
1.4.2 D
1.4.3 C
1.4.4 B
1.4.5 A 5x2=(10)

1.5 Beantwoord die vrae
1.5.1 a - hart
b - siel
c - naaste 3x2=(6)

1.5.2 d - geskied (2)

1.5.3 Want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid tot in ewigheid Amen. (2)

1.6 Kolom A en B
1.6.1 C
1.6.2 E
1.6.3 A
1.6.4 D
1.6.5 B 2x5=(10)
**[60]**

AFDELING B
**INLEIDING TOT DIE NUWE TESTAMENT**

**VRAAG 2**

2.1 Vyf mense met die naam Jakobus
- Jakobus, vader van Thaddeus, een van die twaalf dissipels
- Jakobus, die seun van Alfeus en een van die twaalf dissipels
- Jakobus, die apostel, broer van Johannes en seun van Sebedeus
- Jakobus, die seun van Maria en broer van Josef
- Jakobus, die broer van Jesus
- Die brief word tradisioneel aan die laaste Jakobus toegeskryf. 5x2=(10)

2.2 Markus – menslike portret van Jesus
**Markus skets ? baie menslike prentjie van Jesus**
- Menslike emosies – slaap
- Deernis – lyding
- Toorn en verontwaardiging
- Kan iemand liefhê – aantreklik
- Soek inligting – vra vrae
- Honger
- Man onder manne – betrokke by menslike situasies.
- Volkome een met mense
- Ken vreugde en hartseer 5x2=(10)

2.3 <u>Grootheid van Sy soewereiniteit</u>
(Opskrifte tel 1 punt)
<u>Hy is altyd teenwoordig in Sy kerk</u>

- Deur Sy dood het Christus mense verlos van hulle sondes
- Christus het hulle liefgehad
- Hulle is deelgemaak van ? koningkryk van priesters
- Toe Christus opvaar hemel toe het Hy nie sy mense verlaat nie.

(Enige) 2x2=(4)

<u>Hy is alomteenwoordig:</u>

- Tema regdeur die sewe briewe
- Ek ken, weet, doen
- Christus is alomteenwoordig (Enige) 2x2=(4)

<u>Hy is gelyk aan God:</u>

- Christus gelyk aan God die Vader en die Heilige Gees.
- Christus nie net menslik nie, ook Goddelik. (Enige) 2x2=(4)

<u>Hy regeer oor konings:</u>

- Christus is nie soos gewone konings wat net oor een volk regeer nie.
- Hy regeer oor al die nasies. (Enige) 2x2=(4)

**(20)**

2.4.1 <u>Johannes weerlê gnostici</u>

- Van die begin af was Hy daar
- Hy is God se seun en is in ? unieke verhouding met God
- <u>Hy is die Messias:</u>
- Hy vervul God se heilsplan
- <u>Hy is waarlik volkome mens</u>
- Johannes het Jesus die mens geken
- <u>Hy is sonder sonde</u>
- Jesus is al een sonder sonde en Hy het mensdom se sonde weggeneem
- <u>Hy is ons Voorspraak:</u>
- Jesus word ingeroep deur Sy Vader om ons te red (20)

**[60]**

## VRAAG 3

3.1 <u>Inhoud van die brief van Judas</u>

- Waarskuwing teen vals leraars (gnostici)
- Beskrywing van vals leraars
- Henog se profesie in verband met vals leraars
- Die apostels se leer oor mense wat spot dryf met Christene
- Vermaning om getrou te bly aan die Christelike geloof
- Vermaning om veral te sorg vir dié wat twyfel en mislei word (10)

3.2 Matteus word beskou as die mees Joodse van al die evangelies

- Matteus weet van al die Joodse gebruike en gelowe
- Weet van aalmoese, gebed, vas
- As dit nie in regte gees plaasvind nie, is dit dade van hoogmoed
- Ortodokse Jode dra tossels om klere
- Breë gebedsband wat ortodokse Jood dra
  ortodokse Jood knyp 1 tiende van sy inkomste af
- Meeste skrifgeleerdes gesteld op ereplekke by feesmaaltye en sinagoge

Ortodokse Jode verkies:

- Vaste en prominente plekke in sinagoge
- Praat van Koninkryk van die hemele
- Praat nie van Koninkryk van God nie
- Vermy gebruik van God se Naam. (20)

3.3 Spesifieke besonderhede asof ? ooggetuie

- Begin met breedvoerige beskrywing van die week se gebeure
- Beskryf gebeure tot op kruisiging self dag vir dag
- Vier dae vandat Hy Maria en Martha se boodskap oor Lasarus ontvang het
- Hy het Lasarus toe opgewek
- Uitnodiging aan Andreas en ander dissipels 16:00
- Middag toe Jesus by fontein van Sigar gesit het
- 13:00 toe hy regeringsamptenaar by Kapernaum genees het. (14)

3.4 Uniekheid van Sy Soewereinitiet

Die uniekheid van Sy Koninkryk (Opskrifte 1 punt en 1 bonuspunt)

1. **Hy word beskou as Priester**:
   - In sy visioen het Johannes iemand soos ? mens gesien wat ? kleed aan het
   - Tot op Sy voete en met ? goue borsgordel
   - Dit was die drag van Ou Testamentiese priesters.
   - Johannes beskou Christus as Priester. (Maks 4)

2. **Hy doen die werk van ? Priester**.
   - Die Ou Testamentiese priesters het offerandes namens die volk
   - Gebring sodat God hulle sonde kan vergewe.
   - Christus, die Lam, het homself geoffer sodat ons van ons sondes
   - Verlos kan word deur sy dood (1:5) (Maks 4)

3. **Hy maak ons priesters**
   - Christus het nie net as priester opgetree nie:
   - Hy het ook van ons ? koninkryk vol priesters gemaak in God se diens
   - Hy sal aan almal wat getrou gebly het aan Hom ? nuwe naam gee: “Ek sal op hom die naam van God en die naam van my God se stad, die nuwe Jerusalem skryf.” (Filadelfia) (Maks 4)

4. **Hy sal Sy priesterskap deel**:

- Die wat getrou aan Hom gebly het, sal langs Hom op die troon sit
- Christus sal dit wat Hy besit, deel met sy getroue volgelinge (Maks 4)

**(20)**

**[60]**

## VRAAG 4

4.1 Lukas maak spesiale melding van vroue

**Die plek wat vroue in die Lukas-evangelie inneem**

- Joodse vroue beklee ? beskeie plek in die openbare lewe
- Hulle het min opvoeding en geen wetlike regte gehad nie.
- Lukas maak melding van ? paar vroue:
  Elizabeth, moeder van Johannes, Maria, moeder van Jesus, Anna, die profetes, Maria Magdalena uit wie sewe duiwels gedryf is
- Lukas toon hierdeur aan dat alle mense, ongeag geslag, ras of kleur tot die liefdeskring van Jesus behoort. (10)

4.2 Temas van die brief aan die Fillipense

- Blydskap
- Bly word 16 x gebruik (Maks 4)

- Die evangelie
- 9 x herhaal
- Evangelie = blye boodskap
- Boodskap dat Christus vir mens gesterf het en mens kan saam met God lewe (Maks 6)

- Gemeenskap
- Grondtoon
- Bedank vir geskenk
- Deel van evangelisasiewerk (Maks 6)

- Moedig hulle aan om onselfsugtig te wees
- Paulus se geestelike ambisie
- Volkome toegewy aan God
- Wil nie plig versaak nie, wil woord verkondig (Maks 4)

4.3 Algemene vorm van Paulus se brief

- voorafgaande groete
- noem die name van beide afsender en ontvanger
- voorwoord
- die groete en danksegging, gebed vir goeie gesondheid, bedanking
- die liggaam
- die inhoud of die boodskap
- die laaste groete
- dit waarborg die outentisiteit van die brief; persoonlike groete deur die skrywer self geskryf;
- was in die plek van die tekening van ? mens se eie naam

(Enige 5=) 5x2=(10)

4.4 Eerste teken (Water in Wyn)

- Verander water in wyn by bruilof Kana
- Moses water in bloed verander
- Lei tot bevryding Israel
- Wyn raak op
- Jesus verander kanne vol water in wyn (10)

4.5 Matteus – Sistematiese evangelie

Die hoofgedagtes van Jesus se leerstellings word in 5 hoofafdelings ingedeel

- Die Wet van die Koninkryk
- Ambassadeurs van die Koninkryk
- Die gelykenisse van die Koninkryk
- Die persoonlike verhouding tussen lede van die Koninkryk
- Sake word in drie ingedeel
- Drie versoekings
- Sewe “wee julle” – uitsprake
- Vyf hoofafdelings van onderrig (10)

**[60]**

## VRAAG 5

5.1 Markus gebruik Aramese woorde

- Aramees was taal van gewone Jood in tyd van Jesus
- Markus het nie vir ? Joodse gehoor geskryf nie
- Dalk vir die Romeine geskryf
- Hy verduidelik alle Aramese woorde wat hy gebruik
- Boanerges
- Manne van die donder
- Talita koem
- Dogtertjie staan op
- Effrata
- Maak oop (20)

5.2 Sosiale regverdigheid

- Lukas prys die barmhartige Samaritaan
- Jesus se liefde vir Samaritane oorbrug vooroordeel teenoor Samaritane
- Josef en Maria offer twee tortelduiwe
- Met Jesus se besnydenis
- Dit was offerande van armes
- God kies arm vrou om Jesus te hê
- Belastinggaarders was die uitgeworpenes
- Jesus eet saam met Saggeus
- Jesus praat met berugte sondaar
- Almal was ewe belangrik vir Jesus (20)

5.3 **EK IS** - stellings

- Ek is die Lig van die wêreld
- Ek is die Hek vir die skape
- Ek is die Goeie Herder
- Ek is die opstanding en die lewe
- Ek is die weg, die waarheid en die lewe
- Ek is die ware wingerdstok
- Ek is die Brood van die lewe (10)

5.4 Inhoud van 3 Johannes

- Persoonlike brief om Gaius te bedank
- Vir gasvryheid aan verbygaande predikers
- Johannes vra Gaius om predikers op hul reispad te help
- Klagtes oor Diotrefes
- Lof aan Demetrius (10)

**[60]**

AFDELING C

**DIE BYBELSE GRONDSLAG VIR DIE CHRISTELIKE GELOOF EN LEWE**

**VRAAG 6**

6.1 Geloof in die algemeen

- Geloof ontstaan a.g.v. logiese redenering.
- Geloof kan gegrond wees op gesag.
- Geloof kan op vertroue gebaseer wees.
- Geloof kan ontstaan as gevolg van die gevolg van iets.
- Geloof kan op innerlike ervaring gebaseer wees. (10)

6.2 God openbaar Homself op ? algemene manier

- Aan almal
- God openbaar Hom nie altyd op dieselfde direkte manier soos wat Hy met Israel gedoen het nie.
- Hy doen dit deur sy skepping met liefde. (Maks 4)

- Ten alle tye
- God wil sedert die sondeval hê mensdom moet gered word.
- God maak Hom bekend aan almal op enige ouderdom.
- Dit berus by die individu om in Hom te glo of nie. (Maks 4)

- Op alle plekke
- God openbaar hom op enige plek. (Maks 2)

6.3 Waarom die Skrif geskryf is

1. **Sodat mense altyd sal onthou wat God oor Homself geopenbaar het**
    - Petrus wou seker gemaak het dat na sy dood Christus se volgelinge ? getroue verslag van God se openbaring sou hê.
    - In die Skrif het ons hierdie getroue verslag van God se openbaring. (Maks 4)

2. **Om mense te herinner dat dit God is wat deur die Skrif spreek**
   - Hoewel die Skrif deur mense geskryf is, sal dit verkeerd wees om tot die gevolgtrekking te kom dat dit die werk van mense alleen is; inteendeel, die
   - Bybelse outeurs het geskryf wat hul van God deur die inspirasie van die Heilige Gees ontvang het.
   - Om hierdie rede kan ons seker wees dat die Skrif die ware woord van God is. (Maks 4)

3. **Om te getuig oor wat God onder mense gedoen het**
   - Die Skrif bestaan nie uit fiktiewe verhale nie.
   - Dit is ? verslag van wat mense soos die apostels in werklikheid ervaar het.
   - Om dié rede getuig die Skrif oor die feit dat God aktief werksaam onder sy mense is. (Maks 4)

4. **Sodat mense God se openbaring kan bestudeer en dit sodoende verstaan**
   - Die Skrif is nie net ? optekening van God se handeling in die geskiedenis nie.
   - Dit bevat ook die leringe waarvolgens God se getroue dienaars moet lewe.
   - Dit is waarom Petrus sê dat die Skrif "soos ? lamp is wat in ? donker plek skyn.
   - Hierdie lig sal ons langs die regte pad lei totdat Christus op die Laaste Dag weer sal kom. (Maks 4)

5. **Sodat mense in die lig van God se openbaring kan lewe**
   - Aangesien die Skrif deur God geïnspireer is, leer dit ons die waarheid en lei dit ons om Godvresend te lewe.
   - Ons kennis van die Skrif help ons om ons eie foute reg te maak en gee ons vertroue om teen dit wat verkeerd is te protesteer. (Maks 4)

**[20]**

6.4 <u>God se verhouding met die Skepping</u>

- God het die wêreld geskep
- Hemel en aarde (Maks 2)

- <u>Sonder hulp wêreld geskape</u>
- God praat en so skep Hy
- Geen raadgewer nodig nie (Maks 6)

- <u>Alles wat God geskep het, is goed</u>
- Alles stem ooreen met God se plan (Maks 2)

- <u>God skep alles uit niks</u>
- God het die aarde uit niks nie geskep. (Maks 2)

- <u>God het wêreld deur Christus geskep</u>
- Christus is God
- Daarom deel van skeppingsdaad
- Alles kom tot stand met God (Maks 6)

- <u>God het wêreld deur die Gees geskep</u>
- God is drie-eenheid
- Derde persoon het ook deelgeneem aan die skepping (Maks 2)

**(20)**

**[60]**

## VRAAG 7

7.1 <u>Paulus se boodskap oor verlossing</u>

- God red mense deur geloof
- God het Israel gered deur gehoorsaamheid aan die wet
- God red mense deur hulle aanvaarding van Jesus Christus
- Dié wat in evangelie glo, sal gered word
- Mense moet sonde vermy 5x2=(10)

7.2 <u>Vergeef ons ons oortredinge</u>

**Vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree**

1. **Vergeef ons ons oortredinge**
   - Ons oortredinge is ons sondes, dit wil sê ons *hamartia,* die mis van ons doelwit,
   - Ons onvermoë om lief te hê
   - As ons vir God vra om ons sondes te vergewe,
   - Erken ons dus ons sonde en toon ons ? behoefte aan vergifnis. (Maks 4)
2. **Vergewing volg na berou (metonoia)**.
   - Ons kan alleenlik bid om vergifnis as ons berou het. God sal nie eenvoudig ons sondes "uitvee nie".
   - Hy vra dat ons ons harte sal verander, ? metonoia, ? voorneme om ons lewenstyl te verander.
   - Ons vra Hom dus om vergifnis van ons sondes, ons onvermoë om lief te hê,
   - Vir "die mis van die Christelike doelwit",
   - Omdat ons ons verhouding van liefde tot Hom en ons medemens wil herbevestig. (Maks 6)

3. **Soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree**

- Die betekenis van hierdie gedeelte van die gebed is miskien duideliker in Lukas se weergawe van die Ons Vader:
- "Want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree"
- Ons het met ander woorde nie die reg om vergifnis vir ons eie sondes te vra as ons nie ook dié vergewe wat ons kwaad aangedoen het nie.
- Jesus het dit duidelik gestel:
- As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.
- Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie" (Mat 6:14-15)
- Hier is ? uitdaging wat baie duidelik gestel word: ons moet vergewensgesind wees as ons vergewe wil word. (Maks 10)

**[20]**

7.3 Jy mag nie valse getuienis gee nie

- Ons moet ontslae raak van vooroordeel
- Gebod word ten nouste verbind met die Derde gebod
- Dit beskerm die reg van jou naaste
- Christus is die Waarheid
- Slegs hulle wat die gebod onderhou, sal die nuwe Jerusalem ingaan
- Die gebod vereis selfbeheersing en om jou tong in toom te hou.
- Kwaadpraat (skinder) word veroordeel
- Ons moenie net in eiebelang praat nie.
- Deur getuies van die waarheid te wees is ons getuies vir Christus. (20)

7.4 Verbond

- ? Verbond is ? plegtige ooreenkoms tussen twee of meer indiwidue of groepe indiwidue.
- Wanneer dit in die Bybel genoem word, verwys die woord na ? plegtige ooreenkoms tussen God en mens. Die Bybelse verbonde het vier hoofkenmerke:
- 1. Hul kom van God wat die inisiatief neem.
- 2. Hul word gerig aan mense wat die eise van God aanvaar.
- 3. Hul sluit ? belofte van verlossing in.
- 4. Hul omvat fisiese tekens wat daarop dui dat die verbond afgelê is. (Enige 5) 5x2=(10)

**[60]**

## VRAAG 8

8.1 Gevolge van die verhouding God – Jesus

- Jesus het kennis van die Vader.
- Seun ken die Vader persoonlik.
- Vader openbaar sy plan aan die Seun.
- Jesus deel in die Vader se lewe en gee lewe aan alle lewende wesens.
- Niemand kom na die Vader behalwe deur die Seun nie.
- Jesus en die Vader deel alles. 5x2=(10)

8.2 Gee ons vandag ons daaglikse brood

**Gee ons**

- Alles wat ons besit, is ? geskenk van God.
- Ons bid nie slegs vir onsself nie.
- Ons vra God om al sy kinders te voed.
- Ons is ten volle afhanklik aan God.

**Vandag / hierdie dag**

- As Christene vra ons net vir wat ons elke dag nodig het.
- Ons is nie bekommerd oor die toekoms nie.
- Want ons vertrou op God

**Daaglikse brood**

- Ons vra God nie vir luukshede of rykdom nie
- Ons vra vir daaglikse behoeftes wat ons werklik nodig het om gesond te bly en om aan die lewe te bly.
- Ons bid met vertroue omdat ons weet dat Hy ons sal gee wat vir ons goed is. (20)

8.3 **Sabbat heilig hou**

- Die Sabbat (Sondag?) is heilig
- Die Sabbat is ? rusdag vir almal, selfs die diere
- Dit is ? dag van aanbidding
- Dit word gesien as ? seëndag van God
- Christus onderhou die Sabbat
- Hy is die Heer van die Sabbat
- Dit is bedoel om ? dag van gebed en goeie werke te wees.
- Dag van opstanding
- Tweede dag van die Here 5x2=(10)

8.4 Jesus se kruisiging (oop memo)

- Jesus is na Golgota geneem
- Golgota = kopbeenplek
- Hy is saam met twee misdadigers gekruisig
- Dit was vernederend want dit lyk of Jesus ? misdadiger is
- Die aanklag teen Hom is rugbaar gemaak
- Hulle skryf Jesus van Nasaret, die koning van die Jode
- Sy klere is van sy lyf afgeskeur
- Sy onderkleed is uitgeloot
- Hy het voluit gely – Sy pyn is nie verlig nie
- Hy kry slegs suur wyn
- Jesus beleef doodsangs
- Hy aanvaar sy lot (20)

**[60]**

## VRAAG 9

9.1 <u>Jesus is ontvang deur die Heilige Gees</u>

- Jesus is ontvang deur die Heilige Gees
- Die Heilige Gees het Maria bevrug
- Sy het nog nooit omgang met ? man gehad nie.
- Engel kondig geboorte aan
- Behoort tot die Stam van Dawid (10)

9.2 <u>Laat U naam geheilig word</u>

- God se naam het bepaalde betekenis
- Sy naam behoort net aan Hom
- Dit spel verwagtinge uit
- Sy naam is uniek, liefdevol, eksklusief
- Beskryf Sy verhouding met skepping
- God se naam is heilig
- Sy naam verskil van alle name
- Jy mag dit nie misbruik nie
- Jy moet God se naam eer
- Jy moet God as Christen ken
- Jy mag sy naam in gebed aanroep. (20)

9.3 <u>Jy mag die naam van die Here jou God nie misbruik nie.</u>

- Naam was as iets magtigs beskou in antieke tye.
- Jy kan mense beïnvloed / beheer as jy hulle naam geken het
- God openbaar Sy naam aan Moses
- Sodat volk Hom mag ken
- Israeliete het geweet dat hulle nie God se naam mag misbruik nie
- bv. in ? gevloek, meineed
- Die Israeliete het geweet hulle kan Sy naam roep in nood
- bv. Die Psalmis smeek God om seën
- Die Israeliete kan ? eed aflê in God se naam.
- Hulle sweer om die waarheid te praat. (20)

9.4 <u>Jesus het opgevaar hemel toe</u>

- Veertig dae was ? Joodse stylfiguur vir ? lang tyd
- Dis die tyd wat Jesus aan Sy dissipels verskyn het na sy kruisiging
- Jesus het na 40 dae in ? wolk opgevaar hemel toe
- Wolk – beteken teenwoordigheid van God
- Dit beteken Jesus is by God (10)

**[60]**

**TOTAAL: 300**